


AANSOEK, KEURING EN TOELATING vir VOORGRAADSE

PROGRAMME:

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Gebruik Ctrl + en klik op die woorde in **blou** om na die spesifieke afdeling in die document te gaan



DOEL

Hierdie dokument bevat die riglyne wat gevolg word in die aansoek-, keurings-, en toelatingsprosedures vir voorgraadse programme wat deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word. Die keurings- en toelatingsproses geskied ooreenkomstig met die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch (US).

I. VOORWAARDES

I.1 Voornemende studente kan vir 'n maksimum van **drie** programme (nie noodwendig almal in dieselfde fakulteit nie) aansoek doen en behoort nie vir meer as een stroom in 'n spesifieke program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aansoek te doen nie (aangesien dieselfde toelatingsvereistes van toepassing is op ál die strome in 'n gegewe program).

I.2 Die **volgorde van die programkeuses** is belangrik, aangesien dit tydens die keurings- en toelatingsproses in ag geneem word. In die besonder:

- Indien voorwaardelike toelating toegestaan word vir die **eerste keuse**, word keuring vir die tweede en derde keuse nie oorweeg nie.
- Indien voorwaardelike toelating toegestaan word vir die **tweede keuse**, word keuring vir die derde keuse nie oorweeg nie.
- Indien finale toelating toegestaan word vir die eerste keuse, verval enige voorwaardelike toelating vir enige ander program wat moontlik verleen is.
- Voorwaardelike toelating word finale toelating indien jou skoolleidsamenuitslae aan die minimum vereistes voldoen van die program waarvoor jy reeds voorwaardelike toegelaat is.

I.3 [Toelatingsvereistes \(in Bylae 1, 2 en 3\)](#) is die minimum kriteria waaraan 'n aansoeker moet voldoen, maar keuringskriteria vir die programme: BSc Menslike Lewenswetenskappe (stroom Biologie, en Biologie met Sielkunde), en BSc Molekulêre Biologie en Biotegnologie, se afsnypunt kan moontlik hoër wees, aangesien 'n groot getal aansoeke ontvang word.

I.4 Alle aansoekers vir programme in die Fakulteit Natuurwetenskappe (hetsy eerste, tweede of derde keuse) moet die Nasionale Normtoetse (NNTs) aflê. Die NNT-uitslae sal nie vir keuringsdoeleindes gebruik word nie, maar wel vir plasing in akademiese steungroepe, indien finale toelating toegestaan word.

2. PROSEDURE

2.1 Aansoek

- Volledig voltooide aansoeke moet **tussen 1 Maart en 30 Junie** van die voorafgaande jaar van beplande studie ingedien word.
- 'n **VOLLEDIG VOLTOOIDE AANSOEK** beteken dat al die stappe van die aansoekproses gefinaliseer is, die fooi betaal is, en al die nodige dokumente ingedien is.

- **Geen laat aansoeke** sal aanvaar word nie.

2.2 Spesiale Toelatingsversoeke

Gebruik die <https://forms.gle/qopxKymNEQQocaUN7> skakel vir enige van die onderstaande versoeke.

- Aansoekers wat voorwaardelik toegelaat is tot 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar wie se finale graad 12-uitslae nie aan die [minimum vereistes](#) van die spesifieke program voldoen nie, kan versoek om toegelaat te word tot 'n Verlengde Graadprogram deur die [toepaslike vorm](#) te voltooi sodra die finale NSS/graad 12-uitslae beskikbaar is. Die sluitingsdatum vir versoeke is **15 Januarie** van die jaar van beplande studie.
- Aansoekers wat op grond van hulle graad 11-punte nie voorwaardelik tot 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe toegelaat is nie, maar wie se finale graad 12-punte aan die [programvereistes](#) voldoen, kan voor **15 Januarie** van die jaar van beplande studie 'n [versoek indien](#) om vir toelating heroorweeg te word.
- Aansoekers wat voorwaardelik toegelaat is tot 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar van program of stroom wil verander, kan voor **15 Januarie** 'n [versoek indien](#) om oorweeg te word vir toelating tot die ander stroom of program.
- Aansoekers wat voorwaardelik toegelaat is tot 'n program in 'n ander fakulteit by die Universiteit Stellenbosch, maar wil verander na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, kan voor **15 Januarie** 'n [versoek indien](#) om vir toelating tot die Fakulteit Natuurwetenskappe oorweeg te word.
- Aansoekers wat besig is om hulle skoolleeruitslae te verbeter, of Wiskunde en/of Fisiese Wetenskap (Chemie en Fisika) bykomend as skoolvakke neem, moet teen **15 Januarie** 'n [versoek indien](#) om toelating indien. Sodra die verbeterde punte beskikbaar is, moet die uitslae by die Toelatingsafdeling (info@sun.ac.za) ingedien word. Indien die verbeterde uitslae voldoen aan die minimum vereistes, sal die keuringsvereistes en -afsnypunt wat gegeld het in die jaar van oorspronklike aansoek, steeds van toepassing wees.
- Aansoekers met 'n gestremdheid moet die vorm "Versoek om studentesteun" van die US se Sentrum vir Studentevoorrilgting en -ontwikkeling voltooi, asook die Eenheid vir Gestremdhede kontak by +27 21 808 4707 om 'n vergadering te reël met die Fakulteit Natuurwetenskappe ten einde te bepaal wat die steun is wat benodig word, asook wat wel gebied kan word.

2.3 Keuring

Die keuringsproses wat deur die Keuringskomitee van die Fakulteit Natuurwetenskappe gevolg word, is in ooreenstemming met die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch. Die

Keurkomitee is saamgestel uit die Dekaan, die Visedekaan: Onderrig en Leer, die Direkteur: Fakulteitsbestuur, die Fakulteitsbeampte, sowel as die Koördineerder: Akademiese- en Studentebelange. Alle besluite aangaande keuring en toelating word deur die Dekaan bekragtig alvorens dit aan die kandidate gekommunikeer word. Derhalwe is alle besluite van die komitee finaal.

2.3.1 Keuring vir Hoofstroomprogramme

- Die Fakulteit het 'n inname teiken van 700 nuweling eerstejaarstudente, waarvan 40% teen 2024 uit diversiteitskandidate moet bestaan. Vir elke program is daar ook 'n toelatingsteiken.

Program	Aantal studente toegelaat
Biologiese Wetenskappe	370
Fisiese Wetenskappe	130
Wiskundige Wetenskappe	150
Interdissiplinêre strome	50

- Die beginsel van oorbespreking word toegepas om te kompenseer vir kandidate wat voorwaardelik toegelaat is, maar nie hulle studieplekke inneem en as studente registreer nie. Die oorbesprekingskoers word jaarliks hersien en aangepas by veranderende aansoek- en registrasietendense.
- Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, ([Bylaes 1, 2, en 3](#)) word in rangvolgorde geplaas volgens 'n keuringspunt wat as volg bereken word:

NSS & IEB	$(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van vyf ander vakke}) \div 7$
NSS & IEB (meer as ses skoolvakke)	$(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van die vyf beste vakke}) \div 7$
Internasionale Skooleindkwalifikasies	$(2 \times \text{Wiskundepunte} + \text{punte van ander vakke}(n)) \div (n+1)$

- Die Lewensoriënteringpunt word uitgesluit in die berekening van jou keuringspunt.
- Ten minste één taalpunt sal ingesluit word in die berekening van jou keuringspunt: wat Afrikaans of Engels, as Huistaal of Eerste Addisionele Taal kan wees.
- Die finale vorderingspunt van graad 11 word gebruik om die keuringspunt te bereken vir aansoekers wat besig is om graad 12 te voltooi. Aansoekers wat

alreeds in besit is van 'n skoolleidsertifikaat, se finale graad I2/skoolleidsamenuitslae word gebruik om die keuringspunt te bereken.

- Aansoekers met 'n keuringspunt van $\geq 75\%$ sal binne een maand vanaf suksesvolle indiening van aansoek, hulle toelatingsstatus op My.Sun kan nagaan vir voorwaardelike toelating. Aansoekers met 'n keuringspunt van $< 75\%$ sal op die daaropvolgende keuringsronde oorweeg word wat teen 30 Augustus gefinaliseer sal wees, en waarna aansoekers ingelig sal word.

2.3.2 Keuring vir Verlengde Graadprogramme (VGP)

- 'n Maksimum van 70 studente word jaarliks vir hierdie programme gekeur;
- slegs Suid-Afrikaanse nuwelingeerstejaar-aansoekers wat in EEN van die kategorieë in [Bylaag 4](#) val, voldoen aan die sosio-ekonomiese statusratio, én reeds voorwaardelik toegelaat is, sal oorweeg word;
- Alle kandidate wat versoek om vir 'n VGP oorweeg te word, sal via e-pos van die uitkoms in kennis gestel word voordat eerstejaarregistrasie op kampus plaasvind.

2.3.3 Keuring van aansoekers wat teen 15 Januarie 'n spesiale toelatingsversoek ingedien het

- Hierdie keuring sal plaasvind vóór eerstejaarregistrasie op kampus.
- Aansoekers sal ingelig word van die uitkoms deur middel van 'n brief per e-pos, vóór eerstejaarregistrasie op kampus. Hierdie brief moet met registrasie op kampus getoon word by die registrasietoonbank.

3. FINALE TOELATING

- Elke aansoeker wat voorwaardelike toelating tot 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe het, en wie se skoolleidskappe aan die minimum vereistes van die spesifieke program voldoen (soos in [Bylaes 1, 2, 3](#)) kwalifiseer om vir daardie program te registreer.
- Registrasie kan elektronies gedoen word (e-registrasie) vanaf middel Januarie, of alternatiewelik gedurende eerstejaarregistrasie op kampus, soos aangedui in die [Nuwelingegids](#).

Bylaag I

Minimum toelatingsvereistes volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en Internasionale Eksamenraad (*International Examination Board, IEB*) skooleindsertifikaat:

- 1) 'n Gemiddelde prestasiepunt van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit); en
- 2) 'n prestasiepunt van minstens 50% (4) in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal); en
- 3) voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Programme	Minimum toelatingsvereistes
BIOLOGIESE WETENSKAPPE	
1.1 Biodiversiteit en Ekologie 1.2 Molekulêre Biologie en Biotegnologie 1.3 Menslike Lewenswetenskappe 1.3.1 Stroom: Biologie 1.3.2 Stroom: Biologie met Sielkunde 1.4 Sportwetenskap	Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 5 (60%) of 6 (70%) (jou Wiskundepunt bepaal watter Fisika- en Wiskunde-modules jy in jou eerstejaar kan neem)
FISIESE WETENSKAPPE	
2.1 Chemie 2.1.1 Stroom: Chemie en Polimeerwetenskap 2.1.2 Stroom: Chemiese Biologie 2.1.3 Stroom: Materiaal tegnologiese 2.2 Fisika 2.2.1 Strome: Laserfisika (Fisiese), Kernfisika, Stralings- en Gesondheidsfisika 2.2.2 Stroom: Laserfisika (Biologiese) 2.2.3 Stroom: Teoretiese Fisika	Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 6 (70%)
2.3 Aardwetenskap* 2.3.1 Stroom: Toegepaste Aardwetenskap 2.3.2 Stroom: Geo-omgewingswetenskap 2.4 Geoinformatika*	*n opsie vir toelating met: Fisiese Wetenskappe 4 (50%) EN Wiskunde 5 (60%)
WISKUNDIGE WETENSKAPPE	
3.1 Wiskundige Wetenskappe 3.1.1 Stroom: Finansiële Wiskunde 3.1.2 Stroom: Rekenaarwetenskap Opsie 1: Rekenaarwetenskap (wat nie voorsiening maak vir Genetika of Geografiese Inligtingstegnologie nie) Opsie 2: Rekenaarwetenskap met Genetika Opsie 3: Rekenaarwetenskap met Geografiese Inligtingstegnologie 3.1.3 Stroom: Toegepaste Wiskunde 3.1.4 Stroom: Wiskunde 3.1.5 Stroom: Wiskundige Statistiek 3.1.6 Stroom: Operasionele Navorsing 3.1.7 Stroom: Abstrakte Wiskunde 3.1.8 Stroom: Biowiskunde Opsie 1: Molekulêre Biologie Opsie 2: Ekologie	Wiskunde 6 (70%) EN Indien jy Fisika en Chemie gaan neem: Fisiese Wetenskappe 4 (50%)
INTERDISIPLINêRE STROME	
4.1 Stroom: Biomediese Wiskundige Wetenskappe 4.2 Stroom: Toegepaste Medisinalre Chemie 4.3 Stroom: Bioinformatika en Berekeningsbiologie	Wiskunde 6 (70%) EN Fisiese Wetenskappe 4 (50%)

Bylaag 2

Minimum toelatingsvereistes vir aansoekers met Internasionale Skooleindkwalifikasies

Aansoekers met Internasionale Skooleindkwalifikasies moet voldoen aan die vereistes vir universiteitsvrystelling soos bepaal deur die Matrikulasieraad, UniverSA, voorheen bekend as Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA).

- 1) 'n Gemiddelde prestasiepunt van minstens 65%; en
- 2) 'n prestasiepunt van minstens 50% in Afrikaans of Engels; en
- 3) voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Internasionale Kwalifikasie ¹	Universiteitsvakke wat geneem word	Minimum toelatingsvereistes
HIGCSE en Namibiese NSSC	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe 3
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 2
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
AS-level	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe D
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde B
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde C
A-level	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe E
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde D
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde E
IB HL	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika 2
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 4
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
IB SL	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika 2
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 5
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 4
School of Tomorrow	Alle programme	Kan slegs 'n universiteitsvrystellingsertifikaat bekom op aanbeveling van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Voldoen aan die programspesifieke vereistes (Bylaag 1) en Prestasie in die Nasionale Normtoetse (NNTs)

¹ Kontak die Internasionale Kantoor (<http://www0.sun.ac.za/international/contact-us.html>) vir die minimum toelatingsvereistes vir skooleindkwalifikasies wat nie in bostaande tabel gelys word nie.

Bylaag 3

Minimum toelatingsvereistes vir Verlengde Graadprogramme (VGP)

Slegs aansoeke van voornemende studente wat nog nie voorheen by die Universiteit Stellenbosch of enige ander hoër onderwysinstelling geregistreer was nie, sal oorweeg word. Voorkeur word gegee aan Suid-Afrikaanse sosio-ekonomies benadeelde aansoekers wat voorwaardelik toegelaat is tot 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar wie se finale graad 12-uitslae nie voldoen aan die minimum vereistes nie. Sulke aansoekers kan 'n versoek vir 'n oorskakeling na 'n VGP rig, indien hy/sy in een van onderstaande kategorieë val:

	BIOLOGIESE WETENSKAPPE	WISKUNDIGE en FISIESE WETENSKAPPE
KATEGORIE 1	Gemiddeld $\geq 55\%$ Lewensoriëntering uitgesluit	Gemiddeld $\geq 55\%$ Lewensoriëntering uitgesluit
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 2	Wiskunde 4 (50%)	Wiskunde 5 (60%)
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 3	Fisiese Wetenskap 3 (40%)	
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	